

10 Augustus

Skrifgedeelte: Johannes 12:20–36

Fokusgedeelte: Johannes 12:26–28

Waarvoor leef ons?

Kom ons beantwoord die volgende vraag in alle erns: “Wat maak ek hier? Waarvoor leef ek? Wat dryf my?” Onthou, die regte antwoord het die verlore seun teruggelei na ‘n vol en ware lewe.

Wat het die Christene deur die eeue geantwoord op hierdie vraag? Het hulle gesê ons is hier vir geluk en vir lewensvervulling? Nee, die antwoord is: “Ons is hier vir die eer van God – vir die *doksa*, die heerlijkheid van God.” Dink aan Romeine 11:36: “Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge.”

Wat beteken dit om God te eer? Is God se eer van ons afhanklik? Nee, so min as wat ons iets aan die krag van die son kan doen, so min kan ons iets bydra tot die eer van God. Hoe eer ons God dan? Deur bloot sy heerlijkheid in ons na Hom en sy skepping terug te kaats in gehoorsame dade.

Dit is nooit maklik nie. Selfs Christus moes keuses doen. Toe die Grieke na Hom kom, het Hy besef sy grootste krisisuur het aangebreek. Hy het uitgeroep: “Nou is ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê?. Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur?” Onmiddellik kies Hy God se eer: “Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. Vader, verheerlik U Naam!”

So moet ons ook doen wat God behaag in die krag van Christus en die Gees. Dan weerkaats ons in alles God se liefde en krag.

Sing: Skrifberyming 35:3 Dr NP Heystek (Wapadrant)